**‘n Skrikwekkende Waarskuwing!**

**Heb 6:4-8**

**22 Mei 2022**

1. Heb 5:11-6:3 – Onderbreking van beskrywing van die Seun as Hoëpriester – omdat die lesers traag is om te leer
2. Heb 6:4-8 is verdere motivering oor die noodsaak om te leer, wys die tragiese eindpunt indien dit nie gebeur nie.
3. Heb 6:4-6: vyf heerlike ervarings wat nie vrywaar teen afvalligheid nie, afvalligheid na hierdie ervarings maak egter bekering onmoontlik
    a. Interpretasie 1: persoon wat beskryf word, is gelowig – in stryd met o.a. Joh 10:28
    b. Interpretasie 2: bloot ‘n hipotese – gebeur nie werklik nie - twyfelagtig
    c. Interpretasie 3: persoon wat beskryf word is nie waarlik gelowig nie
4. Gelykenis van die saaier (Mark 4:1-20): Saad tussen dorings vs op goeie grond:
    a. Vergelyk met Heb 6:7-8
    b. Ooreenkomste: beide het ontkiem, wortel geskied, gegroei. Verskille: saad tussen dorings het verstik, saad op goeie grond het vrug gelewer
5. Heb 6:4-6
    a. Twee persone, A en B, kan dieselfde ervarings hê: harte eenkeer verlig deur evangelie, smaak die hemelse gawe (smaak die wonder van die Seun), deel aan die werk van die Heilige Gees (kan die wonder van die gawes van die Heilige Gees beleef), smaak die goeie Woord (blootgestel aan goeie Bybelse lering), smaak die toekomstige wêreld (wêreld na die eerste en tweede koms van die Seun)
    b. A gebruik die geleentheid om te groei, te volhard en vrug te dra
    c. B weeg dit op met begeerlikhede van die wêreld, verstik, draai weg
        i. Hy kruisig die Seun weer, maak Hom bespotlik
        ii. Kan hom nie weer bekeer nie, het sonde teen die Heilige Gees gepleeg (Mark 3:28)
6. Ander Bybelse voorbeelde
    a. Ou Testamentiese volk in die woestyn op pad na die beloofde land
    b. Judas Iskariot
    c. Mat 7:21-23 – mense het heerlike dinge gedoen, maar Jesus ken hulle nie
    d. Dooie lote aan die wingerdstok (Joh 15:1-8)
    e. 2 Pet 2:20-22
7. Toepassings
    a. Waarskuwing aan mense wat hulleself as gelowiges beskou: hulle moet end-uit volhard, moet steeds groei, moet steeds meer vrug dra
    b. Afvalligheid is nie “backsliding” nie
        i. Bekering is moontlik van “backsliding”
        ii. Afvalligheid is “backsliding” in die ekstreem – herhaalde bewuste besluite oor tyd om teen God te draai, saam met finale bewuste besluit om finaal weg te loop – bekering is onmoontlik